

# Profesie en die Skrif



## Sabbatmiddag

### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*Jesaja 53:1–12; Daniël 7:13, 14; II Petrus 1:16–20; Matteus 17:1–6; II Timoteus 3:15–17.*

### Geheeteks:

“En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte;” (*II Petrus 1:19*).

**I**n ons verdere studie van die briewe van Petrus behoort ons op te let na hoe oortuig van en seker Petrus is oor wat hy skryf. Ons sien dieselfde wanneer ons Paulus se geskrifte lees: ‘n duidelike en onveranderlike oortuiging oor wat hulle verkondig met betrekking tot Jesus Christus en die kruis. In the teksverse vir hierdie week sal ons meer oor hierdie oortuiging van Petrus leer. En hy sê ook hoekom hy so seker is van sy saak. Ons glo nie in, sê hy, “kunstig verdigte fabels” nie (*II Pet. 1:16*) — soos daardie fabels waaruit die heidense godsdienste van sy tyd bestaan het nie. In plaas daarvan was Petrus seker oor wat hy in geglo het, vir twee redes: Eerstens was hy ‘n ooggetuie van Jesus se “majesteit” (*II Pet. 1:16*). Maar tweedens, en miskien die belangrikste (omdat al die ander lesers nie ooggetuies sal wees nie), is dit die “profetiese woord wat baie vas is” (*II Pet. 1:19*) wat vir hom sekerheid gee. Petrus verwys weer terug na die Bybel om Jesus te bevestig, veral die profetiese dele wat oor Hom praat. Daar is geen twyfel dat daar sommige van dieselfde profetiese dele is waarna Jesus na Homself verwys het nie (*Matt. 26:54, Luk. 24:27*). Dus, indien Jesus en Petrus die Bybel ernstig opgeneem het, hoe durf ons andersins doen?

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 3 Junie.*

## Jesus in die Ou Testament

Dwarsdeur sy briewe skryf Petrus met volkome sekerheid. Hy weet waaroor hy praat en hy weet van Wie hy praat. En een rede is dat hy weet dat Jesus die Een is na wie die profete van die Ou Testament verwys het. Dit was Petrus se vertroue in die Geskrewe Woord wat hom gehelp het om die Woord wat “vlees geword” het, te leer ken (*Joh. 1:14*). In I Petrus 1:10–12 verwys Petrus sy lesers na die Hebreeuse Bybel, na die profete van ouds, en na die onderrig wat hulle oor Jesus gegee het. Volgens Petrus het die Heilige Gees in die Ou Testament twee kernwaarhede oor Jesus geopenbaar: die lyding van Christus en die heerlikheid wat daarop sou volg (*I Pet. 1:11*). Hierdie twee waarhede is soos twee goue drade wat dwarsdeur die Hebreeuse Bybel geweef is.

**Wat leer die volgende verse ons oor wat die Ou Testament oor Jesus voorspel het? Ps. 22; Jes. 53:1–12; Sag. 12:10, 13:7; Jer. 33:14, 15; Dan. 7:13, 14.**

---

In I Petrus 1:10–12 verseker Petrus sy lesers dat hulle ‘n baie spesiale plek in die verlossingsgeskiedenis beklee. Aan hulle was meer bekend gemaak as wat daar aan die profete van ouds geopenbaar was. Die profete het inderdaad oor hulle eie tye gepraat, maar kerngedeeltes van hulle boodskappe sou nie vervul word tot en met die koms van Christus nie. Sommige profesieë waaroor die profete geprofeteer het, het eers in die tyd van Petrus se lesers tot vervulling gekom. Hierdie lesers het die voorreg gehad om “wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is”, te hoor, waarhede “waarin die engele begerig is om in te sien” (*I Pet. 1:12*). Deurdat die evangelie aan hulle verkondig was, het hierdie mense in meer besonderheid van die werklikheid en omvang van die Verlosser se lyding en vernedering as die profete van ouds, gehoor. Natuurlik sou hulle, net soos ons, moes wag vir die “heerlikheid daarna” (*I Pet. 1:11*). Deur die eerste deel van daardie profesieë wat vervul was, kan ons ook sekerheid hê oor die laaste deel wat nog vervul moet word.

**Watter Bybelse beloftes het jy in jou leeftyd tot vervulling sien kom? Watter van hierdie beloftes wag jy nog voor, wat beteken hulle vir jou, en hoe kan jy leer om aan hulle vas te hou al gebeur wat ook al?**

---



---

## Aanskouers van Sy Majesteit

**Lees II Petrus 1:16–18. Watter ander bewys, sê Petrus, het hy vir sy geloof in Jesus?**

Behalwe die profetiese woord, was Petrus ‘n ooggetuie van baie van die dinge waaroor hy gepreek het. Die Christendom, het hy gesê, word nie in “kunstig verdigte fabels” gevind nie (*II Pet. 1:16*), maar in werklike gebeurtenisse wat in die geskiedenis gebeur het – gebeurtenisse wat hyself aanskou het. In die Evangelies was Petrus teenwoordig by baie van die vernaamste gebeurtenisse in die lewe en bediening van Jesus. Hy was teenwoordig terwyl Jesus gepreek het, terwyl Hy onderrig het, en gedurende die wonderwerke wat Hy gedoen het. Vanaf die vroeë visvangwonderwerk (*Luk. 5:4–6*) totdat hy Jesus na Sy opstanding gesien het (*Joh. 21:15*), was Petrus ‘n ooggetuie van so baie wat gebeur het.

**Op watter gebeurtenis fokus Petrus in II Petrus 1:17, 18 wat hyself sien gebeur het? Wat was die spesiale betekenis van daardie gebeurtenis?**

Petrus beklemtoon een spesifieke gebeurtenis wat hy aanskou het: die verheerliking van Jesus. Jesus het Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom na die top van die berg geneem om te bid (*Luk. 9:28*). Terwyl Hy daar saam met hulle was, het Hy van gedaante verander voor hulle oë. Sy gesig het geblink, en Sy klere het wit geword (*Matt. 17:2, Luk. 9:29*). Moses en Elia het by Hom aangesluit, en ‘n stem uit die hemel het gesê, “Dit is My geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het” (*Matt. 17:5*). Petrus het baie gedurende sy tyd saam met Jesus gesien, maar hierdie insident staan bo almal uit. Dit openbaar Jesus as die Seun van God, dat Hy hier op aarde die plan van God uitgeleef het, en dat Hy ‘n baie spesiale verhouding met Sy Vader gehad het. Selfs met alles wat Petrus gesien het of sou sien, was hierdie gebeurtenis – wat “hierdie stem . . . uit die hemel” ingesluit het (*2 Pet. 1:18*) — die een gebeurtenis waarop hy in sy brief gefokus het.

**Dink aan watter gebeurtenis of gebeurtenisse ‘n diep en blywende indruk op jou geestelike lewe en jou geloof gemaak het. Wat was dit, watter trefkrag het dit op jou gehad, en wat beteken dit vandag nog vir jou? Hoekom het dit so ‘n diep indruk op jou gemaak? Deel jou antwoorde met die klas op Sabbat.**

## Die môrester in ons harte

“En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte” (*II Pet. 1:19*).

**Lees hierdie teksvers versigtig deur. Wat sê Petrus hier wat selfs vir ons vandag nog so belangrik is?**

---

---

Hier, soos op baie plekke in die Bybel, (*Gen. 1:4, Joh. 1:5, Jes. 5:20, Efés. 5:8*), word skeiding tussen lig en duisternis gemaak. Vir Petrus het die Woord van God soos ‘n lamp in ‘n “donker” plek geskyn (sommige vertaal die woord “donker” ook as “morsig”, “vuil”). Daarom sê hy so duidelik dat ons “aandag” aan die lig moet gee, om dit te volg totdat “die dag aanbreek en die môrester opgaan in [ons] harte”. Ons is gevalle wesens wat in ‘n gevalle en donker wêreld lewe. Ons het die bonatuurlike krag van God nodig om ons uit die duisternis na die lig te lei, en daardie lig is Jesus.

Petrus vestig sy lesers se aandag op ‘n doel. Sommige glo dat die uitdrukking “totdat die dag aanbreek” na die tweede koms van Jesus verwys. Alhoewel dit sekerlik ons finale hoop is, klink die gedagte van die “môrester” wat “in julle harte” opgaan” meer direk en meer persoonlik. Die “môrester” verwys na Jesus (*Openb. 2:28, 22:16*). Sy “opgaan in julle harte” klink meer na om Jesus persoonlik te ken, om met oorgawe aan Hom vas te hou en die werklikheid van die lewende Christus in hulle eie lewens te ondervind. Jesus behoort nie net deel van ‘n leerstellige waarheid te wees nie; Hy behoort die middelpunt van ons bestaan en die bron van ons hoop en geloof te wees. Petrus bevestig dus dat daar ‘n duidelike verband tussen die bestudering van die Woord van God en ‘n saligmakende verhouding met Jesus, die “môrester”, is.

En natuurlik, wanneer ons ons lig laat skyn, sal andere dit ontvang. “Die hele wêreld moet met die heerlikheid van God se waarheid verlig word. Die lig moet na alle lande en alle mense versprei word. En dit moet skyn uit hulle wat dit ontvang het. Die môrester het oor ons opgegaan, en ons moet die lig wat ons ontvang het, terugflits na hulle wat in duisternis wandel.” — Ellen G. White, *Christian Experience and Teachings of Ellen G. White*, bl. 220, (*vrye vertaling*).

**Hoe help jou eie bestudering van die Woord jou om Jesus beter te leer ken?**

---

## Die Profetiese Woord wat baie vas is

**Lees II Petrus 1:19–21.** Na watter profesieë verwys Petrus? Wat bedoel hy wanneer hy sê dat geen profesie ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring was nie?

---



---



---

Deur te beklemtoon dat die Christendom nie op kunstig verdigte fabels gebaseer is nie (*II Pet. 1:16*), bied Petrus twee twee moontlikhede as bewys aan: eerstens, ooggetuies (*II Pet. 1:16–18*); tweedens, die profesieë in die Bybel (*II Pet. 1:19–21*), ‘n argument wat hy vroeër ook gebruik het (*II Pet. 1:10–12*). Petrus voer aan dat “geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitlegging is nie” (*II Pet. 1:20*). Deur dit te sê, verbied Petrus ons nie om die Skrif self te bestudeer nie. Dit was nie in sy gedagtes toe hy in I Petrus 1:13 geskryf het, “omgord die lendene van julle verstand” nie. Nog minder sal dit gesê word deur die een wat die profete van ouds geeë het vir hulle ywerige ondersoek van die betekenis van die profesieë wat aan hulle gegee was nie (*I Pet. 1:10*). Wat het Petrus dan bedoel? Die kerk van die Nuwe Testament het saamgegroeï en saamstudeer. Die Christene was deel van ‘n groter liggaam (*I Kor. 12:12–14*). En Petrus het hier teen daardie tipe studie gewaarsku wat die gemeenskap se insigte verwerp. Deur met ander te meng en te kommunikeer, kan ons saamgroeï as ‘n gemeenskap. Die Gees werk in die gemeenskap en deur die individue waaruit die gemeenskap bestaan. Insigte kan met mekaar gedeel word, gesuiwer en verdiep word. Maar die een wat alleen werk en weier om ander se bydraes te aanvaar, kan heel moontlik verkeerde interpretasies voortbring, veral wat die profesieë betref. In die volgende verse vind ons ‘n goeie rede vir Petrus om hierdie waarneming te maak. Hy skryf aan Christene wat valse profete en onderwysers in hulle geledere het (*II Pet. 2:1*). Petrus spoor hulle aan om hulle interpretasies van die Skrif aan die kerk se leiding voor te lê en te onderwerp. Hoe baie mense het nie al afgedwaal weens fanatisme en misgissings omdat hulle geweier het om die raad van ‘n Geesge vulde gemeenskap van gelowiges te volg nie? Dit was toe ‘n gevaar en dit bly vandag nog steeds ‘n gevaar.

**Hoekom is dit so belangrik om oop te wees vir die raad en advies van die kerk in die algemeen? Terselfdertyd, tot watter mate moet jy jouself aan andere onderwerp?**

---

## Die Woord in ons lewens

Soos ons gesien het, het Petrus baie klem op die Heilige Skrif geplaas. Tweede Petrus 1:19–21 is ‘n kragtige bevestiging van die belangrikheid van die Bybel vir ons Christelike ondervinding en van die Goddelike inspirasie van die Skrif. Hy bewys sy bewering in II Petrus 1:21. Die Bybel is nie deur ‘n mens geskep nie, soos ander boeke deur die mens uitgedink nie. Dit is ‘n boek wat deur die krag van die Heilige Gees deur die “heilige mense van God” voortgebring was.

**Lees II Timothéüs 3:15–17. Hoe help hierdie teksverse ons om die funksie van die Skrif in ons lewens te verstaan? Hoe bekragtig dit die waarheid van II Peter 1:19–21?**

---

---

---

---

---

Nadat Paulus Timothéüs gewaarsku het oor die gevare wat hy en die kerk die hoof moet bied, gee hy ‘n kort opsomming van die belangrikheid van die Skrif. “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid” (*II Tim. 3:16*). Kom ons kyk na die volgende drie punte: Leerstelling: Leerstelling is dit wat die kerk glo en leer. Dit bevat die geloofsbelydenis van die gemeenskap oor verskeie Bybelse onderwerpe wat belangrik is in die Woord van God. Ideaal gesproke behoort elke leerstelling Christusgesentreerd te wees, en elkeen behoort ons iets te leer wat ons sal help hoe om in ooreenstemming met die “volmaakte wil van God” te leef (*Rom. 12:2*). Leiding: Paulus sê aan Timothéüs dat die Skrif nuttig tot “lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid” (*II Tim. 3:16*) is. Petrus se aanmerking oor die profetiese woord in die Skrif wat soos ‘n lamp in ‘n donker plek skyn (*II Pet. 1:19*), stem ooreen met wat Paulus in II Timóteus 3:16 sê. Met ander woorde, die Skrif gee leiding oor hoe ons behoort te lewe en toon aan wat regte en verkeerde gedrag is. Deur die Heilige Gees geïnspireer, is die Skrif niks anders as die geopenbaarde wil van God nie. “Wys kan maak tot saligheid”: Wanneer hy sê dat die Skrif ons “wys kan maak tot saligheid” (*2 Tim. 3:15*), sê Paulus dat die Skrif ons na Jesus verwys. Redding berus op die oortuiging dat Jesus vir ons sondes gesterf het. Leerstelling, morele leiding, kennis van saligmaking: geen wonder die Woord van God is soos ‘n “lamp wat in ‘n donker plek skyn” nie, “totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte” (*II Pet. 1:19*).

## Vir verdere studie:

“Dit is die eerste en die hoogste plig van elke redelike wese om uit die Skrifte te leer wat waarheid is, om daarna in die lig te wandel en ook ander aan te moedig om sy voorbeeld te volg. Ons behoort die Bybel elke dag ywerig te ondersoek, elke gedagte te oorweeg en teks met teks te vergelyk. Met Goddelike hulp behoort ons ons eie opinies te vorm, want ons sal self moet rekenskap gee aan God. “Die duidelikste waarhede in die Bybel word deur geleerde manne in twyfel getrek en in duisternis gehul – manne met ‘n skyn van groot wysheid, leer dat die Skrifte ‘n mistiese, geheime en geestelike betekenis het wat nie duidelik uitkom in die taal waarin dit geskryf is nie. Sulke manne is valse leraars. Dit was aan hierdie klas wat Jesus gesê het, ‘Julle dwaal deurdat julle die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie.’ Mark 12:24. Die taal van die Bybel behoort vertolk te word volgens die klaarblyklike betekenis, tensy daar ‘n simbool of figuur gebruik word. Christus het die belofte gegee dat ‘as iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy omtrent die leer weet.’ Joh. 7:17. As mense die Bybel maar soos dit geskryf is, wou neem, as daar nie valse leraars was om hulle te mislei en te verwar nie, sou daar ‘n werk gedoen word wat die engele sal bly maak en wat duisende en duisende wat nou dwaal, in die kraal van Christus sou bring.” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 569.

## Vrae vir bespreking:

1. Watter ander kernbeginsels is betrokke by die ondersoek van die Skrif om ‘n suiwer begrip te kry?
2. Martin Luther het geskryf, “Die Skrif verskaf sy eie lig.” Daarmee het hy bedoel dat daar ‘n onderliggende eenheid in die Bybel is en dat een deel gebruik kan word om ander dele te verstaan. Aan watter voorbeelde in die Bybel kan jy dink waar hierdie beginsel van toepassing is?
3. Hersien Maandag se vraag oor die gebeurtenis of gebeurtenisse wat jou Christelike ondervinding diep geraak het, in die klas. Indien enige, wat het jou ondervindinge met die ander klaslede s’n in gemeen? Wat kan julle leer uit mekaar se ondervindinge?
4. Indien iemand jou sou vra hoe die bestudering van die Bybel jou wandel met die Here kan verdiep, wat sou jou antwoord wees? Watter beginsels het jy uit jou eie ondervinding geleer om die Here te leer ken deur die studie van Sy Geskrewe Woord?

